Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad




# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. | WOENSDAG, 16 MEI 1945. | No. 25.

# Volk Sal Hom Eiehandig Teen Kommunisme Verweer

## *K.G. Praat van Weerstandselle Dwarsdeur Land*

***Die totstandkoming van afweer-groepe dwarsdeur die land om die gevaar van 'n kommunistiese revolusie die hoof te kan bied, is verlede Woensdag voor 'n groot gehoor in die Heidelbergse stadsaal (Tvl.) deur de Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, aan die hand gedoen.***

***Dit was die eerste toespraak van die K.G. sedert die wapenstilstand in Europa.***

Die K.G. het gesê dat wat ook al die sienswyse van elkeen voor of gedurende die oorlog was, kom die uitslag van die oorlog neer op die bolsjewisering van Europa en oorheersing van die wêreld deur die Russiese kolos. Afrika is die enigste land in die wêreld waar kommunisme ten spyte van enige argumente ten gunste daarvan die ondergang van 'n blanke ras op 'n swart kontinent beteken. „Ons weet dat die mag wat Europa beheer, ook die wêreld beheer. Dus sal dit ook Suid-Afrika beïnvloed. Verlede Saterdag het dr. Jansen en prof. J. C. van Rooy 'n vergadering op Standerton toegespreek. Nadat die sprekers die kommunistiese gevaar geskilder het, is 'n besluit deur die vergadering aangeneem wat die regering vra om teen die kommunistiese gevaar in die land op te tree. Ek vereenselwig my ten volle met die uiteensetting van die sprekers en die gesindheid van die vergadering, maar ek moet op die nutteloosheid daarvan wys dat die regering versoek word om op te tree. Die regering is 'n amptelike bondgenoot van Sowjet-Rusland, met 'n Sowjet-gesant in die Unie.



Dr. J. F. J. van Rensburg.

Enige optrede van regeringskant sal 'n energieke protes van die regering se vennoot in die bondgenootskap uitlok.

„Wat die O.B. betref, terwyl ons gesindheid en standpunt volkome ooreenkom met dié van die Standertonse vergadering, vra ons ministers wat beskermhere van die Friends of the Soviet Union is, niks nie en doen ons stappe vir eiehandige afweer van die dreigende kommunisme. Afweerseksies of -selle of -groepe sal onvermydelik deur die hele land ontstaan vir onderlinge beskerming teen die gevaar, en sal by voorbaat verseker wees van die heelhartige en aktiewe steun van die plaaslike Ossewabrandwag. Die optrede sal verdedigend wees, en waar die gevaar opvlam, in samewerking met die polisie waar moontlik, en sonder hulle waar nodig, asook met ander elemente wat die orde handhaaf.

„Deur die vorming van sulke eenhede beveilig die anti-kommunistiese elemente hulle bestaan, terwyl die polisie daardeur hul hande gesterk sal hê. Die gees van die O.B.-kommando's sal 'n waardevolle funksie vervul in die gebeurtenisse wat kom," het die K.G. ten slotte beklemtoon.

## MIDDELBURG VERLOOR STAATMAKER

Op 19 April is oorlede aan hartverlamming op die plaas Waterval, distrik Middelburg, Transvaal, die alombekende en beminde oom Willie Jacobsz, eggenoot van kommandante Jacobsz, van die Middelburgse Vrouekommando.

Wyle oom Willie is op die plaas Davel, naby Ermelo, begrawe onder blyke van die grootste belangstelling, en meer as 200 belangstellendes was teenwoordig. Die diens is gelei deur ds. Veldman, van Ermelo. Etlike sprekers, onder wie hoofgeneraal H. Slegtkamp het toesprake by die graf gelewer. Genl. Slegtkamp het, nadat hy twee kranse namens die manne- en vroue-kommando's van Middelburg en een krans namens die familie van hoofkomdt. Heyl gelê het, gewag gemaak van die oorledene se opregte gasvryheid en getrouheid aan die Ossewabrandwag. „Ek wil graag alle aanwesiges daarop wys," het hy gesê, „dat die oorledene tot sy dood toe 'n opregte Brandwag was, wat sy eed wat hy geneem het teenoor God en die Ossewabrandwag, standvastig gehou het tot sy einde toe." Ten slotte het hy aan die weduwee van die oorledene gesê dat sy altyd op die O.B.-kommando's van Middelburg kan staatmaak vir bemoediging en hulp. „Een vir almal en almal vir elk," het hy geëindig.

Wyle oom Willie het sy pragtige plaas wyd oopgesit vir O.B.-funksies, 'n aanbod wat reeds hartlik van gebruik gemaak is, omdat die plaas so uitermate ryk bedeeld is met die allergerieflikste plekke en skoonste natuurskoon wat dit bied vir kampfunksies.

### REISPLAN A.K.G. J. A. SMITH

| | |
|---|---|
| 21 Mei | CHRISTIANA |
| 22 Mei | BLOEMHOF |
| 23 Mei | SCHWEIZER RENEKE |
| 24 Mei | DELAREY |
| 25 Mei | LICHTENBURG |

Die res van die reisplan verskyn volgende week

## BRITTE KAN NA „OORWINNING" NIE EENS GESELS OOR OORSAAK VAN OORLOG

Voor die oorlog uitgebreek het, was Engeland in die posisie dat hy aan Pole 'n waarborg kon gee teen 'n aanval van buite. Tydens die oorlog was hy geregtig om met die Poolse regering ten behoewe van wie hy oorlog verklaar het, te onderhandel. Nou dat Engeland die oorlog „gewen" het egter, mag die Poolse regering van voor die oorlog nie eens met Engeland per draadloos gesels nie, dan is dit hoogverraad op grond waarvan hulle in Moskou verhoor moet word. En Engeland se enigste mag om sy vooroorlogse waarborg na te kom, is dat hy ten aanhore van die hele wêreld moet aankondig dat hy nie meer oor die Poolse kwessie gesels nie!!

Het Engeland dan die oorlog gewen?

## Reisplan Komdt.-Genl.

### *DR. J. F. J. VAN RENSBURG* in OOS-KAAPLAND

| | |
|---|---|
| KIRKWOOD | Saterdag 26 Mei. |
| ALEXANDRIA | Maandag 28 Mei. |
| PORT ELIZABETH | Woensdag 30 Mei. |
| (om 7.30 n.m. in McSherry-saal hoofingang teenoor Veremark-saal). | |
| PEARSTON | Donderdag 31 Mei. |
| SOMERSET OOS | Vrydag 1 Junie. |
| KOMGHA | Saterdag 2 Junie. |
| QUEENSTOWN | Maandag 4 Junie. |
| DORDRECHT | Dinsdag 5 Junie. |
| ELLIOT | Woensdag 6 Junie. |
| BARKLY OOS | Donderdag 7 Junie. |
| LADY GREY | Vrydag 8 Junie. |
| ALIWAL NOORD | Saterdag 9 Junie. |
| BURGERSDORP | Maandag 11 Junie. |
| STEYNSBURG | Dinsdag 12 Junie. |
| VENTERSTAD | Woensdag 13 Junie. |

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS
*U SAL DIE SNIT*
*EN STYLE WAARDEER*

Steyns

*DIE DAMESWINKEL*
PAROW

**SCHOEMANELLO DRANK...**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/8 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/0 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

# NUWE STAATSVORM NODIG VIR SAMEWERKING

## PARTYSTELSEL BESTENDIG VERDEELDHEID

Genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., skryf as volg:

Solank as die huidige Britse parlementêre partystelsel, dit is, die teenswoordige staatsvorm met sy gebruike en gebondenheid aan die s.g. Britse Gemenebes, in Suid-Afrika voortbestaan, sal die politiek ons nêrens anders toe lei as die bestendiging van toestande soos ons dit sedert 1910 belewe en ondervind het nie.

Noodsaaklik, lewensnoodsaaklik, is die omverwerping van die huidige staatsvorm met al sy komplikasies en implikasies. Ook die huidige wêreldomstandighede en toestande vereis 'n herskepping van ons staatstelsel, omdat daar 'n herskepping van maatskaplike, politieke en ekonomiese grondslae en verhoudings plaasvind.

Om op die ou pad, die wat die Britse tradisie ons gegee het, die ou stelsel en die ou leiding te bly, beteken ondergang, selfvernietiging.

Die O.B., ondanks enige bedreiging vir ons volk van buite of binne sy vaderland, moet en sal hom dus nie terug kan laat lok na die ou Britse partystelsel in sy politieke optrede nie.

### VIR SAMEWERKING

Hy staan meer vasberade, sterker en beslis, vir samewerking met enige Afrikaanse nasionale organisasie op die grondslag van die Ontwerp-grondwet vir die Republiek, soos dit opgestel was en nog steeds onveranderd bestaan het as leidraad vir die grondslag van die volksgesagstaat.

So duidelik was aldeur die rigting en beleid van die O.B. dat ek, sonder my hoof of die Grootraad te raadpleeg, met die volste besef van my verantwoordelikheid verklaar dat as dr. Malan vandag daardie beleid vir sy party aankondig, hom bereid verklaar om op daardie grondslag en punt 8 van die „besluite van die Volkseenheidskomitee" van 1941, samewerking te soek, die Ossewabrandwag van sy kant die „Verklaring namens die volksorganisasies" weer woordeliks vir sy aanvaarding hom (namens die O.B.) sal aanbied as 'n middel tot samewerking, slegs met een voorbehoud:

Hierdie voorbehoud sal wees dat dit dan deur hom en die O.B. tot alle ander organisasies en Afrikaners gerig moet word met die oog op die skepping van 'n volksfront.

### NOODSAAKLIK

Dit is die enigste moontlike praktiese wyse van samewerking — 'n samewerking wat heil en vrug vir die volk sal afwerp — 'n bolwerk teen die Russiese kommunisme wat vandag meer as ooit noodsaaklik is na die s.g. demokrasie die sterkste wal wat deur Duitsland teen die aanvallende onheil opgewerp was, vernietig het. Vandag is die kommunisme as gevolg daarvan 'n groter bedreiging vir ons almal, al ons Afrikaners, binne die H.N.P., die Afrikanerparty, die V.P. en die Ossewabrandwag, almal saam. Dit vereis nie 'n party maar verenigde volkskrag, 'n sterk en hegte volksfront.

### HENDRINA

Die Brandwagte van Hendrina het Vryheidsdag gevier by wyse van twee funksies in die kommando — een onder leiding van asst.-veldkte. Wassenaar wat £19 ingesamel het en die ander onder leiding van veldkte. Sannie Erasmus wat £11 ingebring het. Op die aand van 27 Febr. is die vryheidsvuur aangesteek onder leiding van veldkt. C. J. J. van der Merwe met fakkels gedra deur die Boerejeug en oorhandig aan komdte. Joubert. Komdt. Vorster van Carolina het 'n besielende toespraak gehou. — (Ingestuur).

# KAN BRITTE JUIG? —OORLOGSDOEL FAAL

Op 3 September 1939 het Engeland Duitsland die oorlog aangesê omdat laasgenoemde Pole aangeval het. Die geskil tussen Pole en Duitsland het gegaan oor die terugeising van voormalige Duitse gebied wat met die vrede van Versailles van Duitsland afgesny is — teen die uitdruklike waarskuwing van genl. Smuts wat voorspel het dat hierdie versnippering tot 'n volgende oorlog sal lei. Weens Engeland se aanhitsing van die Poolse regering om nie aan die Duitse eis te voldoen nie en sy belofte van steun in geval van 'n botsing tussen die twee lande het die oorlog uitgebreek. Engeland het aan die wêreld verkondig dat hy die oorlog aangebind het ter behoud van die selfstandigheid van klein volkere, Pole inkluis.

Dit was egter maar net die onmiddellike oorsaak van die bloedvergieting. Die dieper oorsaak het gelê in die vrees aan Britse kant vir 'n sterk vastelandse moondheid soos Duitsland. Die magsewewig van Europa kon deur 'n te sterke Duitsland verbreek word. Verder is daar geveg in belang van die kapitalisme en demokrasie.

In hoever het Engeland geslaag in hierdie oorlogsdoel van hom na ses jaar se beplande verwoesting?

### POLE VERDWYN

Die Poolse regering van indertyd, van wie sommige na Engeland gevlug het tot tyd en wyl hul land „bevry" sou word, word vandag deur 'n bondgenoot van Engeland in hegtenis geneem op aanklag van hoogverraad — hoogverraad nie ten opsigte van die Duitsers nie, maar ten opsigte van hul Engelse vriende. **Die aanklag is naamlik dat hulle ná hul „bevryding" in draadlose verbinding was met Engeland! Die Poolse regering in Londen word oor die hoof gesien. Vir die „bevryders" van Pole bestaan hulle nie meer nie. In hul plek is aangestel 'n kommunistiese komitee van Sowjet-gunstelinge en agterryers. In dieselfde week waarin die „oorwinning" van die Geallieerdes aangekondig word, is Engeland ook verplig om bekend te maak dat hy nie meer langer met Rusland samesprekings kan hou oor die Poolse kwessie nie.**

Pole is van sy selfstandigheid beroof en die Poolse regering in wie se belang Engeland miljoene soldate se lewens laat verlore gaan het, sit as bannelinge in Londen. **Dit sou hulle self en die wêreld ontsaglik goedkoper uitgekom het indien Engeland hulle ses jaar gelede met dieselfde gelatenheid as banneling-gaste verwelkom het sonder meer.** En Pole sou dan ten minste nie Bolsjewisties geword het nie.

Na ses jaar se oorlogvoering het Engeland in die plek van 'n bevryde Pole 'n Bolsjewistiese provinsie wat so pas 'n formele verdrag met Rusland gesluit het om laasgenoemde by te staan in geval van 'n bedreiging uit die weste. Na Duitsland se nederlaag, weet elkeen dat daardie verdrag maar net teen Engeland gemik kan wees.

### STALIN OORHEERS

Die hoofoorweging van Engeland om die wêreld tot onderlinge uitdeling aan te spoor, was egter om te verhoed dat een moondheid oorheersend word in Europa. **Hy het na ses jaar wel daarin geslaag om te verhoed dat Duitsland daardie moondheid sal wees. Maar in die plek van Duitsland toring tans die Russiese kolos nie net oor Europa nie, maar ook oor Asië. In die plek van die Duitse diktator Hitler, verrys vandag die bolsjewistiese diktator Stalin van wie bekend is dat hy nie teruggedeins het nie om ses miljoen van sy eie landgenote van honger te laat omkom ter bereiking van sy politieke doel. Watter respek sal hy dan betoon aan ander lande se inwoners?**

In die plek van die nasionaalsosialistiese idee, waarteen ook geveg moes word, word die allesgelykmakende idee van kommunisme versprei, 'n ding wat deur sy propagandiste openlik as 'n uitvoer-artikel bestempel word — wat Hitler ten minste van syne ontken het.

**Wat is dan bereik na ses jaar se oorlogsverwoesting? Kan die Britte juig oor 'n oorwinning?**

**WORCESTER**

*Dr. J. F. J. van Rensburg*

Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag

spreek 'n openbare vergadering toe
in die

**Voortrekkersaal, Worcester**

op

*Maandagaand, 21 Mei 1945, om 8-uur*

Alle vriende en belangstellendes welkom!

O.B.-orkes sal ook optree.

# O.B. Bied Werker Seggenskap in Landsbestuur

**'n Paar weke gelede het die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad kongres gehou op Oos-Londen. Hierdie raad beskou homself as die hoofliggaam wat die werkers van Suid-Afrika verteenwoordig. Hy beskou sy jaarlikse kongres as die allerbelangrikste byeenkoms van en vir die werkers van ons land.**

**Dit is dus in orde, uit die standpunt van die S.A.V.A.R. gesien, om aandag te skenk aan hul kongresverrigtinge.**

Die kongres het vanjaar vergader onder die teken van naderende vrede, en onder die vraagteken van bestaansveiligheid wat bo die hoof van elke werker hang.

● **Die groot behoefte waarna elke werker hunker is eenheid; eenheid en daardeur krag om te kan bereik waarna hy strewe.**

● Tweedens noodsaak die onsekerheid van die tye waarin ons leef 'n onverbiddelike en onomwonde eis dat die veiligheid van elkeen se bestaan, nie more nie, **maar onmiddellik, deur praktiese middele verseker en gewaarborg word.**

● Derdens moet die nodige leiding aan die werkers gegee word en kanale geskep word waardeur die verenigde werkers hul eis om bestaansveiligheid tot uitvoering kan bring.

Die kongres van die S.A.V.A.R. moes dus minstens aan hierdie drie kardinale sake sy aandag geskenk het.

● **Enige onpartydige toeskouer wat die kongresverrigtings probeer volg het, kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie, as dat die kongres 'n volslae mislukking was.**

## GETWIS

Die verrigtings van die kongres is ontsier en sy kragte is verlam deur 'n deurlopende draad van twis en stryd en rusie deur die kommunistiese „blok" afgevaardigdes. Instede dat die leiers van die gevestigde en konserwatiewe ambagsunies hardhandig opgetree het teenoor die lawaaierige groep kommuniste, wat tog per slot van sake geen noemenswaardige aanhang onder die blanke werkers het nie, het hulle 'n swak houding ingeslaan en al retirerende vir posisie gemaneuvreer.

Die stem van die duisende bekommerde werkers is op hierdie kongres nie gehoor nie; wel die stem van die intrigant.

Instede dat die hoofliggaam van die werkers van Suid-Afrika kragtige leiding en 'n weldadige koers aan die werkers gegee en aangedui het, het die kongres die arena gebied waar die kommuniste die gesag en seggenskap van die konserwatiewe vakunie-leiers kom uitdaag het.

• **In sy grootste krisisuur staan die werkers van Suid-Afrika verdeeld en leierloos.**

## PROPAGANDA-UNIES

● **Die vakunie-leiers in ons land moet onthou dat die grootste bedreiging vir die vakuniewese en die werker die totstandkoming van „propaganda"-unies is.** Die volk en die werkers het vertroue net in eerlike en egte vakunies. **In daardie unies, waarvan kommuniste die leiding het, en wat hulle gebruik om kommunistiese propaganda te maak, en nie om die belange van die werkers te beskerm nie — in daardie unies het die volk reeds vertroue verloor en hierdie unies is besig om die vertroue van die Afrikanerwerker in vakbondorganisasies totaal en al te skok.**

Die Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad kan nie altyd oor hierdie saak halfslagtig bly nie. Hy moet eenkant-toe of anderkant-toe. Hy moet òf sy volle en onbelemmerde gewig ingooi aan die kant van die egte unies teen die kommunistiese propaganda-unies òf hy moet die volle konsekwensies van sy laatmaar-loop-beleid t.o.v. die kommunisme in die arbeidswêreld aanvaar.

Die Arbeidsfront van die O.B. beywer hom eerstens vir die eenheid van die werkers van Suid-Afrika. Vandaar 'n front om alle werkers te dek en in te sluit.

Ooreenkomstig sy eenheidstrewe bepleit die Arbeidsfront die skepping van kragtige Industriële Unies, as die samestellende dele van die front, in teenstelling met die meer verbrokkelde vakunies. **As voorbeeld van hierdie beleid kan dien dat die Arbeidsfront liefs een Bouwerkersunie sal sien as die sewe bestaande vakunies in die boubedryf; en liefs een Spoorbond vir alle spoorwegmanne as die ses vakunies wat die administrasie vandag op die spoorweë aan die gang hou.**

● **Uit hoofde van sy beleid van beroepsverteenwoordiging wil die O.B. dat elke Industriële Unie sy eie kieskollege sal hê om sy eie verteenwoordigers vir die Volksraad te kies.**

## NOG MEER

Dit is in breë trekke die beleid van die O.B. en die taak van die Arbeidsfront.

Die Arbeidsfront was en is egter nog altyd bereid om alle steun aan die egte vakunies in ons land te gee; hulle te inspireer en aan te moedig tot samesluiting in groot industriële unies; hulle te lei en te help tot direkte deelname aan die bestuur van die land.

Dit is die kragtige en heilsame koers en leiding van die Arbeidsfront aan die werkers van Suid-Afrika.

**Maar die geheelbeleid van die O.B. bring vir die werker nog meer as dit. Dit bring vir hom die medewerking van die boer, die onderwyser, die handelaar — van al sy volksgenote, watter nering hulle ookal mag beoefen. Hy word deel van 'n omvattende, insluitende, en daarom kragtige Volksfront.**

● Wat gaan die hoofarbeidsliggaam in Suid-Afrika, die S.A. Vak- en Arbeidsraad, doen? Gaan hulle hulle „vriendskaplike" wedstryd met die kommuniste voortsit — totdat die kommuniste baas is?

Of gaan hulle uitslaan en saamwerk in belang van die werkers van Suid-Afrika?

# *Vir die Boerejeug — Die Jeugleier*

## 31 MEI 'N DAG VAN ROU

31 Mei word beskou as een van ons nasionale feesdae. Die feesviering geskied dan ter ere van die feit dat op 31 Mei 1910 die vier provinsies van Suid-Afrika in uniale verband saamgesnoer is. Uniedag dus. Op daardie dag is 'n boompie geplant deur die gesamentlike hande van Boer en Brit in Suid-Afrika, en nou moet die jaarlikse herdenking van dié heuglike gebeurtenis die boompie aan die lewe en aan die groei hou, sodat dit eenmaal 'n groot boom kan word waaronder ons kan skuil en al ons verskille en kneusplekke kan vergeet.

Ja, dit is glo die bedoeling met Uniedag. En ons seuns en dogters wat hulle daarin verheug dat 31 Mei 'n heerlike vakansiedag is, dink hulle miskien ooit aan hierdie betekenis van die dag? Dis baie twyfelagtig of daar baie Afrikaners, groot of klein, is vir wie 31 Mei as Uniedag veel beteken. Wat sou die rede wees? **Is dit nie miskien omdat daardie boompie wat in 1910 geplant is moes dien om die leë plek, veroorsaak deur 31 Mei 1902, te bedek nie? Toe is daar 'n boom ontwortel, die boom van ons vrye volksbestaan. Kan die Unie-boompie sy plek ooit vul? Hy kan nie, en daarom kan ons op 31 Mei nie fees vier nie.** Waarom dan ook probeer? Laat ons liewer opreg wees en op daardie dag uiting gee aan ons ware en warme volksgevoel. **Laat ons in die gees teruggaan na die vredesluiting van Vereeniging en treur oor die ondergang van die Boere-republieke.**

## BESOEK KERKHOWE

Maar nie net peins en treur nie. Dis by uitstek die dag waarop volksmonumente en kampkerkhowe besoek moet word. Gaan plaas julle blommehulde op die graf van 'n gevalle burger of van 'n kamp-slagoffer, of aan die voet van 'n burger- of vroue-monument — hulle is orals deur ons land versprei. Word daardie grafte almal goed onderhou? Dit is miskien die dag vir die Boerejeug om met graaf en skoffel hulle hulde te bring.

**Dink egter nie net aan die afgestorwenes op daardie dag nie. Daar lewe vandag nog manne wat aan die tweede Vryheidsoorlog deelgeneem het, vroue en kinders wat die moordkampe oorleef het. Gaan besoek hulle en vra hulle om te vertel en nogeens te vertel.**

„En reeds is daar wat roep: ons
moet vergeet!
Dis als verby, nou kom 'n nuwe
lewe!
**Hoe kan ons?....**"




NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WêRELD
*Kommando*
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275

## Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

P R Y S L Y S :

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) .. .. .. .. .. .. | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo .. .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo .. .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Soet Port .. .. .. .. .. .. .. | 1/8 | 8/- |
| Port .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/7 | 7/6 |
| Pontak .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock .. .. .. .. .. | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie .. .. .. .. .. | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie .. .. .. .. .. | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 8/6 | — |
| A 1 .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 8/- | — |
| Boegoe .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Van der Hum .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen .. .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Suurlemoen .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" .. .. .. .. .. .. | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** .. .. .. .. .. .. | 1/6 | 6/6 per gell. in 4-gell. blikke |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEË INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

Bestel van
**EXCELSIOR WYNMAKERY,**
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

**W. V O I G T (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.**
**Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.**

# NUWE BOEKE

● **GREYLING OP DIE SPOOR**
Deur A. J. Hanekom, 9/- posvry

● **SUSSIE**
'n Meisiesboek
Deur V. de Villiers, 6/4 posvry

● **DIE STEM VAN MY LIEFSTE**
Daelikse Skrifoordenkinge deur Ds. J. G. H. v. d. Walt, 7/10 posvry

**HERDRUKKE!**
● Karin — Orion . . . . 7/10 posvry
● W. A. de Klerk — Die Skarlaken Eskadril . . . . . . 6/4 posvry
● Pierre Very — Moord in die Kosskool . . . . . . 3/9 posvry
● Hendrik Brand — Die Verlore Prins . . . . . . 5/10 posvry
● T. C. Pienaar — Nie vir Rykdom 10/3 posvry

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**
Posbus 29
STELLENBOSCH

*Ondersteun Ons Adverteerders!*

DIE O.B., WOENSDAG, 16 MEI 1945.

# Volkseenheid of Party-eenheid?

'n Paar dae na die verklaring van die Kommandant-generaal oor die noodsaaklikheid van volkseenheid met die oog op die naweë van die oorlog, het die leier van die H.N. Party 'n oproep gepubliseer waarin hy die herstel van „gebroke volkseenheid" bepleit. Oor die wenslikheid dat die volk nou moet saamstaan, heers daar dus in nasionale kringe blykbaar geen verdeeldheid nie. Die vraag is net: **hoe gaan ons daardie eenheid bereik?**

Dr. Malan gee geen verdere verduideliking van hoe die gebrokenheid herstel moet word nie. Hy doen slegs 'n vae oproep tot enkelinge onder die verskillende groepe— sowel binne die Verenigde Party as die O.B. **Daarvan moet afgelei word dat hierdie mense slegs uitgenooi word om nou by die H.N.P. aan te sluit. Of so 'n uitnodiging, wat deur alle partye voortdurend herhaal word wanneer hulle die verdeeldheid beklaag wat hulle deur hul eie bestaan veroorsaak, enige uitwerking sal hê, betwyfel ons.**

In die eerste plaas kan 'n blote beroep op ander organisasies se volgelinge om by die eie party aan te sluit, weinig indruk maak in 'n land waar elke organisasie sy eie pers het waarmee hy sy volgelinge bearbei. Verder as 'n oproep kan dit nie kom nie.

## TWEE PARTYE VEREIS

In die tweede plaas is dit volstrek **onmoontlik** om eenheid te verkry binne een enkele politieke party solank **so 'n party nog die partystelsel wil handhaaf wat die bestaan van twee of meer partye nie net erken nie, maar selfs konstitusioneel verpligtend maak. Ons parlementêre grondwet vereis naamlik dat daar minstens twee partye moet wees — een wat regeer en een wat opponeer. Dus verpligte volksverdeeldheid. Die fout lê dus nie by die volgelinge van die een of ander party nie, maar by die parlementêre partystelsel self wat vereis dat jou volk in minstens twee vegtende kampe verdeel moet staan.** As jou stelsel vereis dat daar 'n tweede party moet wees, hoe kan jy die arme lede van daardie tweede party verwyt dat hulle die volk verdeel? Hulle help maar net om die parlementêre grondwet uit te voer wat jyself wil handhaaf!

**Die enigste metode om volkseenheid te bewerkstellig, is om vooraf afstand te doen van die parlementêre stelsel wat 'n veelheid van partye vereis.** Dít is die wortel van die volksverdeeldheid, en om die takke te probeer aanmekaar bind, onderwyl jy die wortel voed, is om die minste daarvan te sê, jouself belaglik te maak.

## O.B. SE UITNODIGING

Anderhalf maand gelede het die O.B.-leier skriftelike uitnodigings gerig nie tot die volgelinge van ander groepe om by die O.B. aan te sluit nie, **maar tot die leiers self.** Hy het voorgestel dat die leiers saamkom en gesels oor 'n gemeenskaplike front teen die kommunisme, met behoud van eie identiteit. **As die leiers eenstemmigheid bereik, verval alle verdeeldheid, en dan is propagandistiese oproepe aan die magtelose volksmassa oorbodig.**

**Dr. Malan het hierdie uitnodiging van die hand gewys op grond daarvan dat dit sou beteken die vernietiging van die parlementarisme. Hy verkies dat elke party maar moet voortboer met sy verdeeldheid onderwyl elkeen met oproepe poog om van die ander 'n klompie volgelinge af te rokken. As dit nog sy beleid is, beteken hierdie jongste oproep van hom niks anders as 'n poging om 'n klompie stemme in te samel nie. Aan die feit van volksverdeeldheid sal dit niks verander nie.**

**Indien hy dit egter bedoel, moet hy die aanbod van K.G. nou aanvaar sodat daar algehele samewerking kan kom, wat alleen moontlik is as die partypolitieke demokrasie verwerp word, soos dr. Malan dit self in 1941 verwerp het in die volgende woorde:**

**„Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit, uit die VOLKSOOGPUNT beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees . . . . wat dit betref het spr. geen beswaar dat dit weggeveeg word nie."**

(Federale Raad van die H.N.P. se Verklaring, bl. 4)

**Die nood van ons volk vereis nou dade—nie woorde nie.**

# Die Opkoms en Ondergang van Hitler se Duitsland

**(Deur Prof. J. A. Wiid.)**

Dit sal die taak van toekomstige geskiedskrywers wees om 'n wetenskaplike en objektiewe geskiedenis van Hitler se Duitsland te skryf. Dit sal egter alleen moontlik wees as die huidige oorlogsdolheid met al sy propaganda plek maak vir normale vredesnugterheid en saaklikheid. Miskien sal die geskiedskrywers van die toekoms dan ook oor 'n Hitler oordeel soos 'n Engelse skrywer onlangs oor die ook eenmaal so erg verguisde Napoleon geoordeel het: Groot manne is meteore. Hulle brand hulself uit ten einde die wêreld te verlig.

## DIE OPKOMS VAN HITLER SE DUITSLAND

Dit is egter onnodig om op toekomstige geskiedskrywers te wag om die wonderbaarlike opkoms van Hitler se Duitsland te beskryf. Daar moet onthou word dat Hitler maar ongeveer ses vredesjare tot sy beskikking gehad het en dat die Duitsland waarmee hy te doen gehad het, die Duitsland was wat deur die smeltkroes van Versailles gegaan het. Dit was 'n Duitsland wat met alle moontlike nasionale, sosiale, politieke en ekonomiese beproewings kennisgemaak het. Daar was in die eerste plek die vreeslike en verlore oorlog van 1914—1918 teen die oormag van 'n wêreld van vyande; daar was politieke rewolusies en 'n ineenstorting van die Duitse geldwese soos die wêreld nog nie gesien het nie; daar was die verskriklike diktaat van Versailles wat nie alleen waardevolle Duitse gebiede van die Ryk weggeskeur het nie, maar ook Duitse militêre magteloosheid, selfs teenoor klein buurstaatjies, en Duitse hulpeloosheid in die ekonomiese huishouding van die wêreld, voldonge feite gemaak het. Die Duitsland van 1918—1932 was dan ook die land van politieke onstabiliteit, sosiale onrus, werkloosheid, ekonomiese swakheid en alle moontlike krankhede. Die Duitsland van Versailles moes astronomiese bedrae as oorlogskulde en reparasies aan sy oorwinnaars betaal en tog is sy fabrikate as gevaarlike konkurrente deur hoë invoerregte van vreemde markte uitgesluit. Hy moes ontwapen terwyl sy oorwinnaars tot die tande toe gewapend gebly het. Sy waardevolste nywerheidsgebiede is strafloos deur vreemde troepe beset. In die wêreldpolitiek en in die wêreldhandel het hierdie Duitsland haas nie getel nie. Die enigste bate wat hierdie Duitsland nog gehad het, was 'n viriele, hardwerkende en hoog intelligente volk. Die Duitse volk as sodanig was gesond al het dit hom aan nasionale en veral aan sosiale eenheid soms gevaarlik ontbreek.

Hierdie Duitsland is in ongeveer ses jaar deur Adolf Hitler in 'n totale nuwe Duitsland omgeskep. Die Duitse Wonder het plaasgevind. Die Nasionaal-Sosialistiese Duitsland het nie alleen binne enkele jare van sy gevaarlikste krankhede ontslae geraak nie, maar Hitler het 'n nuwe toekoms opgebou. Op alle gebiede is daar gewerk en nogeens gewerk en Duitse geesdrif en Duitse idealisme het in hierdie opbouwerk geen perke geken nie en die ongelooflike volbring. Dit is 'n Duitse en 'n wêreldramp dat hierdie geweldige opbouwerk op alle gebiede nie die geleentheid gehad het om die toets van 'n langdurige vrede deur te staan nie. Dit is nie alleen 'n Duitse ramp nie maar ook 'n wêreldramp dat die nuwe Duitsland nie 'n vredestoets maar 'n oorlogstoets moes deurstaan en in hierdie laaste toets het hy skitterend presteer al het hy ook daarin ondergegaan.

## DIE ONDERGANG VAN HITLER SE DUITSLAND

Hoewel die ondergang van Nazi-Duitsland reeds 'n voldonge feit is, behoort die oorsake van hierdie ondergang by toekomstige geskiedskrywers tuis. Op die oomblik egter lyk dit of hierdie ondergang hoofsaaklik aan militêre oorsake toegeskryf moet word. Dit was 'n militêre toets wat Hitler se Duitsland moes deurstaan en nie kon deurstaan nie.

Om hierdie militêre toets te kan deurstaan was dit noodsaaklik dat Duitsland 'n blitskryg moes voer en blitsoorwinnings moes behaal. Dit was noodsaaklik omdat Duitsland se voorrade aan mense en materiaal veel geringer was as die van sy vyande. Vir die Duitsers was 'n vinnige uitklophou en 'n blitsoorwinning 'n eerste noodsaaklikheid. 'n Lang uitgerekte oorlog kon vir hulle alleen noodlottig wees.

Die vernaamste oorsake vir die Duitse nederlaag kan dus as volg opgesom word: (1) Die geweldige mag van die Russiese kolos waarteen die Duitsers hulle te pletter geloop het. (2) Die materiële oormag en produksievermoë van Amerika. (3) Die beheer van die see deur die Angel-Saksers waarteen die Duitse duikbote niks beslissends kon uitrig nie. (4) Die intensiewe Angel-Saksiese lugaanvalle op Duitsland en (5) Die

(Vervolg in kol. 1)

(Vervolg van kol. 4)

militêre versaking van die Duitse bondgenote in Europa by name Italië.

Dit is bes moontlik dat 'n toekomstige geskiedskrywer die stryd tussen die Bolsjewistiese Rusland en die Nasionaal-sosialistiese Duitsland as die hoofstryd van hierdie Wêreldoorlog sal beskou en alles andere as minder belangrike bykomsthede. Dit is bes moontlik dat hierdie hoofstryd wat in die Russiese winters en op die Russiese vlaktes beslis is as die eerste van sy soort in 'n nuwe stryd tussen die Ooste en die Weste beskou sal word. Wie weet? Ons sal moet wag en sien.


# Vergadering te Kaapstad

**Dr. J. F. J. van Rensburg**

Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, spreek 'n openbare vergadering toe in die

**HOFMEYR-SAAL**

op

***Woensdagaand, 23 Mei 1945,***

**om 7.45**

ALLE VRIENDE EN BELANGSTELLENDES IS WELKOM!

# BEROEPE IN PLEK VAN PARTYE SAL LAND REGEER

## Wat O.B. Met sy Volksfront Beoog

**Voordat ons verder gaan met die uiteensetting van ons ekonomiese beleid, is dit nodig om die vraag onder die oë te sien of so'n beleid nou juis 'n totaal ondemokratiese regeringsrigting vereis. Die beantwoording van hierdie vraag is veral nodig omdat so baie mense wel geneig is tot 'n mate van sosialisme, soos ons voorstaan, maar meen dat dit op demokratiese wyse verkry kan word.**

**Daarteenoor is ons standpunt dat demokratiese sosialisme moet uitloop op kommunisme. Daarom verwerp ons saam met die imperialisme en die kapitalisme ook die demokrasie.**

Daaroor hoef nie verder uitgewei te word nie. Maar ons moet oppas vir misverstand, wat maklik insluip omdat die woord demokrasie baie dinge insluit, en ook enkele goeie dinge wat niemand graag wil prysgee nie.

Ook ons erken dat daar in die demokrasie enkele goeie elemente is wat behou moet word, wat as onverwoesbare erfenis van ons beskawing oorgedra moet word in die nuwe samelewingsvorm. **Hierdie elemente is veral die erkenning van die eie waarde van die menslike persoonlikheid en die eis dat daar verantwoording gedoen moet word vir die uitoefening van regeergesag en dat dit op 'n volksverteenwoordigende grondslag moet berus.** Hierdie goeie elemente wil ons graag behou sonder die tot nog toe daarmee verbonde euwels van partyverbrokkeling en klassestryd en massa-heerskappy.

Deur
Prof. L. J. du Plessis

### TWEE KENMERKE

Met die oog daarop stel ons ons 'n organisasievorm voor wat veral twee kenmerkende aspekte sal hê, naamlik dat dit aan die een kant die **volkseenheid** as algemene samelewingsband sal beliggaam en aan die ander kant die natuurlike indelinge in die volkslewe volgens die verskillende **beroepe** en **bedrywe** sal verteenwoordig.

Dit sal vereis dat allereers die vernaamste volksvoorgangers hulle onder een leiding stel wat die volkseenheid sal weerspieël, en dat hulle saam 'n raad sal vorm waarby die verskillende beroepsgroepe onder hulle volgelinge volgens 'n vaste plan hulle verteenwoordigers kan kies, om die veelvoudig verskillende beroepsbelange by die volkseenheid in te lyf.

Namens so'n raad kan dan die staatsvorm en die staatsbeleid bepaal word, insluitende die vasstelling van burgerreg volgens volkseenheidsbeginsels, en dan kan deur so'n raad regeringspersone benoem word en 'n toekomsprogram voorgelê word aan 'n behoorlik gereelde volkstemming. wat dan nie meer 'n party-stemming sal kan wees nie. Op so'n manier lyk dit of die goeie elemente in die demokrasie behou kan word sonder om sy euwels te bestendig. Maar natuurlik sal die besonderhede nog baie verder uitgewerk moet word, wat dan ook maklik gedoen kan word, as die goeie wil maar net daar is.

### HEELTEMAL ANDERS

Iets van dié aard, meen ek, word beoog met die volksfront of parlementêre front waarvan in die jongste tyd heelwat in ons kringe gepraat word. **Dit is dan bedoel om mettertyd die plek te neem van die bestaande partye en vakunies en werkgewersorganisasies wat mekaar gedurig oor en weer beveg.** Maar daarby moet ons onthou dat hierdie demokratiese instellinge naas die euwels van die demokrasie ook nog sekere van sy deugde bevat. En daarom is die regte weg om hulle nie te probeer ophef voordat daar iets beters gereed is om doeltreffend hulle plek in die volkslewe oor te neem nie.

Die Ossewabrandwag moet dus by die uitbouing van die volksfront nie in die eerste plek in die party-stryd of klassestryd ingryp om kant te kies of self as 'n soort nuwe party of vakunie of iets dergeliks op te tree nie. **Maar hy moet juis die nuwe idee laat posvat deur heeltemal anders as alle partye en vakunies op te tree, naamlik deur in die eerste plek nie die volksverdeeldheid op die voorgrond te stel nie, maar juis die volkseenheid.**

### VOLKSOPBOUEND

En dit kan hy doen deur in beginsel die lede van alle partye en alle vakorganisasies tot sy geledere toe te laat en deur die algemene volksteun beskikbaar te stel aan alle partye, aan alle vakorganisasies en besigheidsinstellinge **in sover hulle volksopbouend te werk gaan.**

So kan hy en sy lede die nuwe gees laat deurwerk in alle volksorganisasies en geleidelik die skerpheid van die teëstellinge oorbrug.

Nou is dit wel so dat hy deur hierdie optrede wel in botsing sal kom met een of ander van die ouer organisasies wat halsstarrig aan die ou beleid van volksverbrokkeling vashou.

### BESLISTE KEUSE

**In daardie gevalle dan, waar die stryd tussen die oue en die nuwe onontwykbaar opgedring word, moet nie geaarsel word om 'n keuse te doen tussen die strydende organisasies nie: VIR die een wat meer** die nuwe gees uitleef, en TEEN die een wat meer aan die ou euwels vashou. **Of anders moet die nuwe duidelik aan die lig gebring word deur 'n eie selfstandige nuwe skepping, b.v. deur die opstelling of ondersteuning van enkele volkskandidate by 'n parlementêre verkiesing, bestaande uit vooraanstaande beroepsleiers wat waarlik die ekonomiese en sosiale belange van 'n bepaalde groep kan verteenwoordig.**

Maar in elk geval moet die beleid nie wees om met partye mee te ding om die parlementêre mag nie, of om deur die stigting van 'n nuwe supervakunie 'n magsposisie te probeer verower in die klassestryd van werknemers onder mekaar of van groepe werkgewers teenoor mekaar of van die een klas teen die ander nie.

### ALTYD EENHEID

Die beleid van die volksfront moet inteendeel altyd daarop gerig wees om die onderlinge stryd van partye en van klasse tot 'n end te bring en op te los in die almal verenigende band van die volkseenheid, waarin ook die natuurlike veelvormigheid van die volkslewe volledig beliggaam sal wees, in plaas daarvan dat die natuurlike volkseenheid verbrokkel word deur die kunsmatige verdeeldheid van partye en klasse wat hulself in die plek van die volk wil stel, en so die weg voorberei tot die kommunistiese diktatuur.

Van daardie dodelike gevaar moet die volksfront wat deur die Ossewabrandwag nagestreef word, onder die seën van God Almagtig en onder die gunstige ontwikkeling van wêreldtoestande die Afrikanerdom red. Dit is moontlik — mag dit so wees!

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Mnr. E. H. Annandale van Bloemfontein.

**Saam met Leibbrandt en andere aangekla weens hoogverraad. In gevangenis aangehou en verhoor van 12 Jan. 1942 tot 11 Maart 1943. Onskuldig bevind en ontslaan deur die hof, maar daarna in Koffiefontein geïnterneer tot 29 November 1944. Toe op parool uitgelaat.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**


## SPRINGBOK MEUBELS

*Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS*

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

*Victoriaweg 171*
*WOODSTOCK.*

Takbesigheid:
Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.
Foon 929.

3
## UITSTAANDE ROMANS

—o—

- **SKEWE BOME**
  Deur Blanche Pienaar
  6/10 posvry

- **DIE VERWAAIDE VLAM**
  Deur Louise Behrens
  9/- posvry
  'n Eerste prys-wenner van 'n Romanwedstryd.

- **VEGTER BY NAG**
  Deur Dewald Brink
  9/- posvry
  'n Speurroman van Dewald Brink is altyd iets om na uit te sien. Hier is een van sy BESTE.

—o—

U kan gelukkig wees.
kan liefde behou.
kan u juk afgooi.
kan suksesvol wees.

Lees

**LEER OM TE LEWE**
7/10 posvry, en

**AS DIE SENUWEES PLA**
8/10 posvry.
Albei van Die Helpende Hand.

—o—

- „Die Boek Lees Lekker"

**INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDING**

Deur J. Chris Coetzee
15/6 posvry

„Ons ken sy vaardige pen, sy aantreklike styl, sy metodiese indeling en behandeling van die stof en die gedrae deurdagtheid wat agter elke woord sit. Die boek lees lekker en die ontvouing van die onderwerp is boeiend". — J. de V. Hugo in Koers.

—o—

- Het u reeds

**VERLOWING EN HUWELIK**

Deur Ds. D. F. Erasmus
4/9 posvry

—o—

## PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29
STELLENBOSCH

# Geklassifiseerde Advertensies

## GEBOORTE

ZEEMAN. — 'n Sterk, fris O.B.-dogter aan Danie en Elizabeth Zeeman (Van den Heuvel) te Delherbé-Kraaminrigting op Sondag, 6 Mei. Ons innige dank aan Dokter en Susters. — Heil die K.G. en O.B

## VERLOWING

KURSUS in Huishoudkunde:—Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkuns, Klere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: **Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

## IN MEMORIAM

DU TOIT. — Na 'n jaar van innige verlange en bittere trane deurleef ons weer die donkerste dag van 16 Mei toe ons liefste eggenoot en vader van ons harte geskeur is.

'n Lig is uit ons lewe weg,
'n Dierbare stem is stil,
'n Plek is ledig in my huis,
Wat nooit weer word gevul.
Stil was sy lewe,
Stil was sy lyding,
Stil was hy heengaan.

— Sy treurende eggenote Johanna en kinders, Schoonzicht, Senekal.

## BETREKKING GEVRA

BETREKKING DRINGEND BENODIG deur jongman met klein gesin. Benewens landbou-opleiding (1ste klas Sert. Grootfontein) grondige kennis van masjinerie. Kan dadelik begin. Wie gaan help? — Navrae: ADVERTEERDER, p/a Gebieds-Hoofkantoor, Posbus 3128, Port Elizabeth.

## BETREKKINGS VAKANT

BENODIG. — Getroude kneg vir peer- en groenteplaas. Moet kennis dra van peerbespuiting en masjinerie. Vry inwoning. Meld salaris verlang. Doen aansoek: Bus 30, Ceres.

DADELIK BENODIG. — Betroubare en gewillige dame, liefs nie te jonk, om die algemene huishouding vir 'n gesin van vier op Bellville waar te neem. Drie persone bedags in diens en een skoolgaande seuntjie. Aanvangsalaris £4 per maand. Getuigskrif van O.B.-offisier. — Rig aansoek aan: ABC., Posbus 1411, Kaapstad.

ONMIDDELLIK BENODIG. — 'n Seun van 20 en ouer om met ploeëry te help op plaas. Vir verdere besonderhede skryf of besoek: A. LANDMAN, Leeuwkuil, P.K. Sannieshof.

## BELANGRIK VIR BOERE

**ONS bied aan: — Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van:: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

## HERSTELWERK

BOEKHERSTELWERK. — Familie-Bybels, gesang-, erfstuk- en enige ander boeke wat stukkend is, sal ons vir u nuut maak. — **Vertaal-buro, Stellenbosch, Posbus 180, Stellenbosch. Foon 486.**

## TE KOOP GEVRA

VARKE, teen beste heersende pryse. Tree in verbinding met D. F. du Plessis, Alexanderstraat 26, Paarl. Foon 11.

## TE KOOP

AMERICAN BRONZE-KALKOENE, 6 maande, Eric Harris-bloed. Mannetjies £2-2-0, wyfies £1-1-0. Gelewer Slabberts-stasie. Leë hokke dadelik terug. — NICO DE VILLIERS, Rabieshoek, P.K. Slabberts.

**DEKRIET. — Beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, 15/6 per 100 boß. V.O.S. Albertinia. Bestel dadelik by: J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.**

DIE regte Plaashond vir die boer. „Grey Dane" gebaster met bulhond, nou ses weke. Reuntjies teen £2-10-0, tefies £1-15-0 elk. Bestel dadelik met kontant. V.O.S. my stasie. — H. v.d. MERWE, De Kamp, Tweeling.

DROOGOOND-STOKKIES, ½ tot 1 dm. dik op dun punt. 5 vt. lank, ongebas. Swartwattel of bloekom. K.M.B. £2-5-0 per 1000. V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. MARITZ, Lothair.

DOBERMAN PINCHER-HONDE. — Weens onvermydelike omstandighede is ek genoodsaak my stoet-hondeboerdery af te skaf, en u kry nou 'n kans om Doberman Pinchers goedkoop te kry. Een reun wat 2de prys op Bloemfontein-tentoonstelling verower het, teen £6-6-0. Twee teel-tewe, goeie moeders, £4-4-0 elk. Reuntjies £2-2-0, tefies £1-10-0. Gelewer Slabberts. — Mev. JOE ROOS, Posbus 1, Slabberts.

DONKIEHINGS. — Swartwitpens donkiehings, gewaarborg by perdemerries. Vier jaar, twaalf hande. Prys £20. Gelewer Sadler's Hope P.M.D. — Skryf aan: F. G. SADLER, P.S. Sadler's Hope, Vryburg.

EERSTEKLAS UIESAAD. — Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-. Spaanse Bruin, 6/-. Kaapse Strooi, 6/-. Alles per pd. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch.

## TE KOOP

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beetsaad 10/-; Australiese Bruin Uiesaad 6/-. Almal per pd. 2/- duurder op halfponde. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. — **Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

HEERLIKE vars gesonde Tafelaartappels teen 30/- per sak van 153 pond. V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakke. Algehele tevredenheid gewaarborg. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem.

KAFFERBOONTJIESAAD. — Suiwer „Dr. Saunders", 72/6d. per sak V.O.S. ons stasie. K.M.B. — O. L. NEL en SEUN (oud-geïnterneerde), Primêre Produsente, „Middleton", Greytown, Natal.

KLEIN HONDJIES. — Moeder: opreggeteelde Pointer; vader: opreggeteelde Doberman-Pincher. Goeie waghonde. Goeie spoorsnyers. Tefies £1-10-0, reuntjies £2-10-0. — F. VAN NIEKERK, Tempelhof, Ficksburg.

LUSERNSAAD. — 7 sakke Hunters' River, gewaarborg vry van Dodder, suiwerheid 98 pst. Ontkieming 85 pst. K.M.B. £8 per sak 203 pond. V.O.S. Oudtshoorn-stasie. — W. APPEL, „Armoed", Oudtshoorn.

MAAK u bye-boerdery lonend deur wetenskaplik-geboude korwe te gebruik. Beskut teen weer en wind met sement-asbesbedekking. Volledige stel £4-10-0. Spesiale afslag vir 5 of meer. Alle toebehoorsels verkrygbaar op aanvraag. Bestel van: **F. J. du Plooy, Posbus 9079, Johannesburg.**

**MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**ONS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton: Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton): Ganna Loogas, die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.**

RAMME. — Gladdelyf, oopgesigte, veldgegroeide Wanganella-ramme, ses maande, hoë kwaliteit lang wol, vier- en ses-tand, £3 elk. — A. L. BEKKER, Klipheuwels, Steynsburg.

SPEELSKEIE. — Goeie hout; bottelskeie 3/9, vierkantige koppe 4/6. — KOOS BOTHA, P.S. Serpentine, dist. George.

SPEELSKEIE. — Olienwenhout. Brandwagte en mede-Afrikaners, bestel u volgende speelskeie van H. VON MOLENDORFF, Noordstraat, Aberdeen. Prys 9/6, na u mate gedraai.

SWARTWATTEL geharde droppers, 5 voet lank, 1 dm. tot 2¼ dm. dik op dun punt. £4 per 1000. Vir enigiets in hout vra om kwotasies. K.M.B. V.O.S. Lothair-stasie. — J. T. MARITZ, Lothair.

TAMATIES. — Plaas u weeklikse bestelling vir tamaties teen 3/- per kissie by: K. P. DE JAGER, Zwartkop, Roossenekal.

TREKKER. — John Deere, model A, in goeie orde (p.k. 16—23), op lugbande. 'n Winskoop vir £330 (driehonderd-en-dertig pond). Eerste tjek ontvang dit. Of kom besigtig dit. — C. L. F. VILJOEN, Mountain View, Clocolan. Foon 2731.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo. Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

WATERPOMP. — 1—2½ duim Meyer waterpomp, met 216 voet 2¼ dm.-pype en een Jumbo-enjin, 1¾ p.k. Alles in eersteklas werkende toestand. Prys, kompleet, £84. Gelewer V.O.S. Albertinia-stasie. — Aansoeke: J. S. B., Posbus 3, Albertinia.

1 Opreggeteelde Friesbul te verkoop. Zwart Cormona. We 9/50. Gebore die 12de Aug. 1939. Geregistreer in die kalfboek van die Friestelers-Vereniging. Gebrand en goedgekeur vir beesverbeterings-distrikte. Prys £60. Baie goeie bul. Kom en oortuig uself. Vir verdere besonderhede doen aansoek by: Mnr. I. J. A. LANDMAN, Ruigtefontein, P.K. Waschbank, Natal.

10 MUILE, 6—8 jaar oud. Mak vir enige werk. Baie geskik. Grootte: 1—13½ hand, vas gebou, 9—14—14½ hand, sterk gebou. Almal in goeie kondisie. Prys £30 elk. In trok gelewer Leeuwdoornsstad-stasie. Ondersteun 'n mede-O.B. — Adres: P. J. MEYER, Klipspruit, P.K. Leeuwdoornsstad.

20.000 DAGOUD-KUIKENS maandeliks verkrygbaar vanaf April. Australorps, Leghorns en kruis van Leghorn en Australorp, teen £6-10-0 per 100 K.M.B. of K.B.A. Almal gebroei van uitgesoekte, sterk, gesonde hoenders. Bestel dadelik om teleurstelling te voorkom, van: **H. R. Malan, Weltevrede Pluimveeplaas, P.K. Kersffontein, Paarl. Foon 6203.**

### KINKHOES?

Hierdie moorddadige siekte, sowel as brongitis, slyme, borskoue, aanhoudende hoes en koorsigheid word gou genees deur Vindex Hoesmiddel. U sal verbaas wees hoe spoedig hierdie ou beproefde boereraat en huismiddel die sieke kalmeer en verlig. By uitstek geskik vir oud en jonk. Stuur dadelik 3/6 vir 'n proefbottel en oortuig uself.

VINDEX — POSBUS 3446 — KAAPSTAD.

## VAKANSIEPLAAS

Bespreek vroegtydig plek vir u volgende vakansie by Mev. A. BADENHORST, Vergenoegd, Riversdal. Die ideale paas met sy natuurskoon. Vriendelike behandeling, gerieflike kamers, geurige etes en billike terme.

# Oproep i/s. O.B.-Dag



Die oproep insake O.B.-dag wat in ons vorige uitgawe verskyn het, is afkomstig van genle. J. S. du Toit, en is gerig aan Gebied A, waarvan sy Hoofvrou is. Weens 'n ongelukkige fout is die inleiding tot die berig waarin haar naam vermeld moes word, nie bygevoeg nie.

## PARTY-DIKTATUUR

Wanneer die minderheid van die bevolking 'n politieke party aan bewind bring omdat die volk verdeel word deur drie of meer partye, en daardie party benoem een van sy lede as hoof van die landbou, as hoof van die onderwys, as hoof van die arbeiders, ens. ens., dan is dit geen volksregering nie, maar 'n partydiktatuur. Alleen wanneer elk van hierdie beroepsgemeenskappe deur hul eie hoofde verteenwoordig word, is daar sprake van volksregering.

## BENODIG

### TAKBESTUURDER.
### Van Riebeeck Trustmaatskappy Bpk.

Aansoeke word ingewag vir die betrekking van Bestuurder van die Maatskapy se takkantoor op Bellville, Die Strand of Wynberg.

Applikante moet meld aan welke takkantoor voorkeur gegee word en of hulle bereid is om 'n aanstelling by enigeen van die gemelde kantore te aanvaar.

Die aanvangsalaris is £40-0-0 per maand (lewenskoste ingesluit) en £5 reistoelae plus kommissie. Meld kennis en ondervinding van Trust- en Agentskapbesigheid, en kantooradministrasie.

Kennis van die administrasie van boedels 'n aanbeveling.

Meld vroegste datum waarop dienste kan aanvaar word. Aansoeke moet my bereik nie later as 28 Mei 1945.

GEO. P. J. DU TOIT,
Sekretaris-Bestuurder,
Posbus 1527, Kaapstad.

## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

## HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660
JOHANNESBURG

ROSE is skaars, maar „HERHOLDT" se keurige versamelings bestaande uit wêreldberoemde soorte in pragvolle kleurskakerings, verwesenlik die drome van u verwagtings.

Vrugtebome en Wingerdstokke wat groei, dra en tevrede stel. Bestel nou en voorkom teleurstelling.

Pryslyste vry op aanvraag.

### WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 Gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

## VERJAARDAGKETTING

17 MEI: Ella Coetzer, Rustenburg; Jacobus Duvenhage, Pietersburg.

18 MEI: Hester Mans, Wilgenhoutsdrift; Gawie Louw, Daljosaphat; André Hauptfleisch, Franschhoek; Marie van Niekerk, Nababeep; Betsie Coetzee, Rustenburg; Alletta Duvenhage, Pietersburg.

19 MEI: Charles Barnard, George; Pieter Kitshoff, Stellenbosch; Chrisjan Dempers, Paarl; Maryna Lambrechts, Paarl; Emmerentia Liebenberg, Koster; Isabella Smit, Bethlehem.

20 MEI: Andries Boshoff, George; Theodor Bohlman, Paarl; Isabella Westenraad, George; Naomi Westenraad, George; Paul Zietsman, Johnson; Ockert du Toit, Kirkwood; Johanna van Rensburg, Parow; Janetta Myburgh, Aughrabies; Martha Britz, Pietersburg; Susanna Jansen, Louis Trichardt; Piet Olwagen, Limburg; Martinus Potgieter, Potchefstroom.

21 MEI: Arnoldus Landman, Port Elizabeth; Anna Roos, George; Leonie Lutter, Paarl; Willem Hopkins, Stellenbosch; Fransina Coetzee, Witkop.

22 MEI: Elinor Cilliers, Plumstead; Pieter Brits, Fraserburg-weg; Danie Terblanch, Bellville; Minnie Swart, Somerset Wes; Dorothea Labuschagne, Groot-Marico; Hendrina Pienaar, Koster; Fredrika du Toit, Fouriesburg-Stasie.

23 MEI: Christie Liebeurg, Noord-Paarl; Philippus du Plessis, Merweville; Mercia Geldenhuyse, Sutherland; Gert Marais, Humansdorp; Daniel van Wyk, Fraserburg; Koos van der Westhuizen, Loxton; Pieter Pretorius, Boshoop.

## RADIO-REPARASIES en LUIDSPREKER-DIENS

Asook baie Radio-Spaardele, Batterye, Radio-Gloeilampe, Weerligafleiers. Philips 6-Volt Battery-Krageenheid. Doen aansoek by:

**P. D. SMUTS**
Hoofstraat 287 — PAARL.

*BOLAND BOTTELSTOOR*
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU!*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-8806.

Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:
Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik
HUURGELD IS BLOEDGELD
Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:
Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk
Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.